

Maandag 25 Julie

Skrifgedeelte: Jona 4:1-11

Fokusgedeelte: Jona 4:1-3

God se liefde teenoor Jona se selfsug

Nineve was 'n wrede vyand, 'n onderdrukker van die volk Israel. Jona moes die oordeel van die Here oor Nineve aankondig. Hy was nie bereid om dit te doen nie, want 'n oproep tot bekering stel genade in die vooruitsig vir 'n wrede vyand. Jona het geweet dat God genadig, barmhartig, lankmoedig en vol liefde is. Juis om hierdie rede het hy na Tarsis gevlug.

God het sy liefde aan Jona bewys deur hom uit die watergraf te red. Op Jona se prediking het bekering gevolg. Jona was baie kwaad omdat Nineve gespaar is. Hy wou eerder dood wees as om te beleef hoe God sy liefde aan Nineve bewys.

Selfs in sy gebed was Jona selfsugtig en blind vir God se liefde en genade. In sy besorgdheid moes hy homself onvoorwaardelik onderwerp het aan God se wil – ook in sy gebed. Sy kwaadwees het hom verder blind gemaak vir God se liefde toe Hy 'n wonderplant tot sy voordeel beskik het. Selfs die wonderplant het nie sy selfsugtige gesindheid verander nie. Sy selfsug het 'n doodsgreep op hom gehad. Tog het God steeds liefde aan hom bewys.

Ons moet ons selfsug afsterf sodat Christus in ons kan leef. Onderwerp jou onvoorwaardelik aan sy wil. In gebed moet ons toelaat dat die Heilige Gees ons gedagtes en gesindheid verander, sodat liefde vir God en ons naaste voorop staan. Vertel jou naaste dat God genadig, barmhartig, lankmoedig en vol liefde is vir verlore sondaars.

Sing: Psalm 46-1:3, 6; Psalm 51-1:5, 6

Ds. WP van der Merwe (Willem) (emeritus)